# Zuid-Afrikaansche Boervolk

# ETOS

ETOS = Etiek, karakter, morele waardes, oortuigings of kenmerkende gees van 'n persoon, volk (groep) of instelling.

**Opgestel: November 2025**

**Deur: Tydelike Adviesraad (TAR), namens die Zuid-Afrikaansche Boervolk**

## Deel 1: Die Grondslag van die Boer se Karakter

Die Boer se krag lê nie in wapens of rykdom nie, maar in die karakter (beginsels) wat hy dra. Hierdie karakter is gesmee deur harde arbeid, selfstandigheid en die wete dat ’n mens net soveel werd is as jou eer en jou woord. Vir die Boer is dit nie bloot ’n saak van persoonlike trots nie, maar ’n bewuste leef voor die Almagtige Hemelse Vader, wat alles sien en oordeel.

Die Boer glo dat sy ja altyd ’n ja is, en sy nee altyd ’n nee. Sy eerlikheid is nie onderhandelbaar nie, want sonder eer is daar geen vertroue nie, en sonder vertroue geen gemeenskap nie.

Hy weet dat sy Vader self die waarheid liefhet en dat bedrog altyd tot ondergang lei.

Hy weet dat vryheid nie verniet kom nie. Dit word opgebou deur opoffering, dissipline en regverdigheid — waardes wat elke geslag aan die volgende moet oordra, soos die Hemelse Vader beveel het dat ouers hulle kinders moet leer.

Vir die Boer is die grond nie net ’n stuk aarde nie. Dit is ’n gawe van ons Hemelse Vader, die plek waar geslagte hul sweet gestort het, waar families grootgemaak is, en waar gemeenskappe wortel geskiet het. Daarom dra hy respek vir die grond, nie as ’n blote besitting nie, maar as ’n erfenis en ’n verantwoordelikheid teenoor sy Hemelse Vader en sy nageslag[1].

Die Boer se karakter word uiteindelik gemeet daaraan hoe hy sy gesin beskerm, sy buurman help, sy plig doen, en sy eer hou. Hy weet dat sy Vader hom daarvoor roep om sy lewe te leef in gehoorsaamheid en diensbaarheid.

## Deel 2: Arbeid en Selfstandigheid

Die Boer leef naby aan die natuur en verstaan dat niks van waarde sonder arbeid verkry word nie. Hy sien sy arbeid as roeping, want sy Hemelse Vader self het die mens geroep om die aarde te bewerk en te bewaak. Elke oes, elke dier en elke stuk gereedskap dra die merk van sy handewerk, maar ook van sy vertroue in die Almagtige Hemelse Vader se voorsiening.

Selfstandigheid beteken nie dat die Boer alleen leef nie, maar dat hy altyd bereid is om sy roeping na te kom sonder om ledig te wees of ander onnodig te belas. Hy dra sy eie laste en weet dat hy eendag rekenskap sal gee van sy arbeid.

## Deel 3: Gesin en Gemeenskap

Die Boer se hart klop eers en altyd vir sy gesin. Sy liefde vir sy vrou en kinders is die fondament waarop sy huis staan, en hy weet dat sy Hemelse Vader die gesin ingestel het as hoeksteen van die samelewing. Hy leer sy kinders eerlikheid, arbeid en respek — nie net as morele reëls nie, maar as gehoorsaamheid aan die Almagtige Hemelse Vader.

Maar sy verantwoordelikheid stop nie by sy eie huis nie. Hy weet dat sy Vader Sy volk beveel het om mekaar se laste te dra. Die Boer is gasvry teenoor

[1] in lyn met Bylaag G van die Grondwet.

vreemdelinge binne die ZAB vertrouensgemeenskap[2], hulpvaardig teenoor sy buurman en beskermend teenoor die weerloses, omdat hy die Messiah, Sy Seun, se voorbeeld volg.

## Deel 4: Vryheid en Regverdigheid

Die Boer het deur die geskiedenis geveg vir sy vryheid, en hy weet hoe kosbaar dit is. Hy glo dat ware vryheid nie losbandigheid is nie, maar die ruimte om volgens sy Vader se wil te leef. Hy respekteer die regte van ander, maar buig nie vir onreg nie, want die Almagtige Hemelse Vader haat ongeregtigheid.

Regverdigheid beteken dat elkeen kry wat hom toekom, en dat geen mag sterker as die waarheid mag wees nie. Die Boer weet dat sy Vader self die Regter is en dat Hy van Sy volk verwag om regverdig en reguit te leef.

## Deel 5: Moed en Volharding

Die Boer is nie bang vir swaarkry nie. Hy weet dat die Hemelse Vader se kinders deur baie beproewinge moet gaan, maar dat Hy hulle krag gee om te volhard. Sy moed kom nie uit roekeloosheid nie, maar uit vertroue dat sy Hemelse Vader se waarheid altyd sal seëvier.

Volharding beteken dat die Boer nie padgee nie, al is die pad lank en moeilik. Hy dra sy laste sonder kla, wetende dat dit sy vertroue (geloof) versterk en sy karakter vorm volgens die Almagtige Hemelse Vader se beeld.

## Deel 6: Erfenis en Toekoms

Die Boer verstaan dat hy nie net vir homself leef nie, maar vir dié wat ná hom kom. Elke besluit wat hy neem, elke stuk grond wat hy bewerk, en elke kind wat hy grootmaak, is deel van die erfenis wat sy Vader hom toevertrou het om oor te dra. Die Boer erken die ZAB se unieke, rasgebonde identiteit[3], en dra hierdie erfenis aan toekomstige geslagte oor.

Hy weet dat sy volk net sal oorleef as elke geslag die waardes van vertroue, eer, arbeid, vryheid en regverdigheid koester en oordra. Daarom leef hy nie net vir

[2] in lyn met Artikel 30(e) van die Grondwet.
[3] soos uiteengesit in Bylaag A, Tema 3.11 en Bylaag B, Punt 10 van die Grondwet.

vandag nie, maar ook vir môre, sodat sy kinders en kleinkinders die vrugte van sy werk en sy geloof kan pluk.

## Deel 7: Vertroue (Geloof)

Die Boer plaas sy vertroue ten volle in die Almagtige Hemelse Vader en Sy volledige Woord, die Bybel. Daaruit bepaal hy sy lewenswandel en handel, Volgens Bybelse Beginsels[4]. Die Boer verbind hom nie tot geloofsbelydenisse nie, maar soos hul voorgeslagte slegs tot die volledige Woord van die Almagtige Hemelse Vader as die hoogste en enigste gesag waaronder hy staan, en erken die vertroue (geloof) gegrond op die Bybel as die enigste toegelate aanbidding[5].

**Uiteindelik weet die Boer: sonder sy Almagtige Hemelse Vader is hy niks nie, en met Hom is alles moontlik. Sy hele bestaan is 'n getuienis dat hy die Hemelse Vader vrees, Hom eer, Hom dien en Hom in alles eerste stel deur vir Hom 'n volk te wil wees.**

[4] Bylaag L van die Grondwet.
[5] in lyn met Artikel 30(e) van die Grondwet.